Storiesterre vir Klein Harte

Die Ondeunde Boeties Kai en Ros



ANNABEL LIVERSAGE



Die Ondeunde Boeties Kai en Ros

Lank, lank gelede in ’n verre land het koning Lemuel al sy onderdane opdrag gegee; om klokslag vyfuur daardie middag voor sy groot kasteel te vergader. Niemand sou verskoon word nie.

Die koning, ’n baie slim man, het geworstel met ’n paar vrae waarvoor selfs sy wysheid nie antwoorde kon vind nie.

Hy het besluit om hulp te vra.

Sy onderdane het gewonder wat so belangrik kon wees. Almal het hul koppe gekrap, baarde getrek en saggies gefluister. Tog was hulle klokslag daar.





’n Doodse stilte het geval. Koning Lemuel verskyn toe op die balkon. Met harde, maar bekommerde stem sê hy: “Manne! Ek soek iemand dapper genoeg om op reis te gaan — op soek na antwoorde! Vrae wat my al vir jare pla. En eers wanneer daardie antwoorde gevind is, mag die reisiger terugkeer.”

Die mans het mekaar aangekyk en hul koppe geskud. Hulle het vroue en kinders om voor te sorg. Selfs toe die koning ’n groot beloning aanbied, het hulle gewik en weeg.
“Wat is die vrae, U Majesteit?” het een man dapper gevra.
Die koning het geantwoord: “Wie het die aarde afgemeet? Waar woon die lig?
Waar is die woonplek van donkerte? Het die reën ’n vader? En wie sê vir die haan wanneer om te kraai?”
By elke vraag het die mans al hoe ongemakliker geword. Hulle het saam besef: dis onmoontlik! Die koning het seker van sy varkies verloor.






Teleurgesteld wou die koning moed opgee, toe twee stemmetjies van agter af roep: “U Majesteit!
Ons sal gaan!”
Die mense het verbaas omgedraai — dit was die tweelingboeties, Kai en Ros.

Identiese tweelinge, altyd gereed vir ’n uitdaging. Hulle het vooruit gestap, handjies saamgeslaan en gesoebat: “Asseblief, U Majesteit! Ons is dapper. Gee ons asseblief die kans!”





Die menigte het gesidder. Twee seuntjies? So ondeund — hoe verwag hulle dat die koning so 'n belangrike opdrag aan hulle sal gee? Wat weet hulle van sulke dinge?

Hulle het nog net 'n jaar gelede hul ouers in 'n tragiese wa-en-perde ongeluk verloor en woon nou by hulle ouma.

"Ek hoop nie die koning is só roekeloos nie," brom Rooi Piet onder sy baard.

"Waar het jy al gesien kinders vat sulke take aan?" mompel Koos Tande.

Maar Kai en Ros steur hulle min aan die gemompel. Hulle spring opgewonde op en af, en roep: “Asseblief Oom, groot asseblief Oom!”

“Stilte!” roep koning Lemuel. “Omdat julle, groot en sterk manne, nie kans sien vir my opdrag nie, het ek besluit — Kai en Ros sal gaan. Hulle het gewys wat ware moed is. Die besluit staan vas. Hulle vertrek môreoggend met dagbreek.”

Daardie aand kon die seuntjies nie slaap nie. Toe onthou hulle; hulle het vergeet om te bid!

Op hul knieë vra Kai eerste vir Jesus se hulp, en toe Ros.

Daarna was dit net tjoef-tjaf droomland toe.





In hul droom het hulle hul rugsakkies gevat en begin stap. Hulle was in ’n land so mooi, dis amper onbeskryflik. Blou lug, golwende gras, blomme van elke kleur — rooi, geel, pers, wit en oranje. Skoenlappers het gelyk soos Mamma se mooiste borsspeld, en voëltjies het op die nektar van blomme gesmul.

Alles was vrolik; voëls het gesing, goggas het feesgevier. Hulle het gesing: “Al die veld is vrolik, al die voëltjies sing, al die sprinkane spring...”





Saam met die diere het hulle gespeel
en snags onder ’n boom saam met
hasies en bokkies geslaap.

Niemand was bang nie. Maar ... hulle het vergeet waarvoor hulle daar was.





Totdat Kai weer onthou: “Die koning se opdrag!”
Hulle het planne beraam, maar geen antwoorde gekry nie. Toe besluit hulle om raad te vra:
Koning Leeu sê: “Vra vir oupa Uil. Hy weet dalk.”

Oupa Uil het net sy oë gerol. “Ek het al baie dinge gesien, maar die pad van lig en donker ken ek nie.”
Kai en Ros het daardie nag onder die boom saam met diere aan die slaap geraak.
Die volgende oggend het hulle weer gaan soek.





Karel Kraai het ook nie antwoorde gehad nie. “Ek kry altyd kos vir my kleintjies sonder om te vra; maar ek weet nie hoe nie.”
Wildedonkie? Hy snuffel maar net spruitjies uit.
“Ek is dapper!” sê Tannie Volstruis! “Selfs perde wat vinnig verby galop, maak my nie bang nie!”
Kallie Krokodil het gespog oor hoe niemand hom met ’n hoek kan vang nie.
Seekoei het daarna voortgespog oor haar krag; sy het geen raad gehad nie.
Uiteindelik het Kai en Ros moedeloos in die gras aan die slaap geraak.

Toe sien ons hulle weer: veilig in hulle bedjies. ’n Liewe ou tannie glip saggies in, fluister iets in elkeen se oor en druk ’n soentjie op hul voorkoppe.
Die volgende oggend word hulle wakker met vreugde in hul harte.
“Boetie!” roep Kai, “ek het ’n droom gehad – ek weet wat om vir die koning te sê!”
“Ek ook!” sê Ros. En toe vertel hulle ... dit was dieselfde droom! En dieselfde antwoord!
Hulle onthou hul mamma se Bybelverhale, veral dié van Job. Hoe God, Job se vrae beantwoord het met woorde soos: “Alles onder die hemel behoort aan My.” En Job, ten spyte van al sy hartseer, het gesê: “Nou weet ek dat U álles doen!”





Hulle hardloop paleis toe, hul harte vol sekerheid. Koning Lemuel was stomgeslaan deur hul wysheid. Hulle vertel van hul drome, van hulle mamma en ouma, en van Jesus — die Skepper van hemel en aarde.

Die koning het geluister tot laatnag. En toe ... stil en diep geraak, het hy sy lewe aan Jesus gegee.
Koning Lemuel het besluit om ’n kerk te bou. ’n Plek waar almal op Sondae kon bymekaar kom om van God te leer. Die land het begin floreer, en almal het gelukkig saamgeleef.

Slotgedagte

Jesus is die Antwoord op al ons vrae, en hy is altyd teenwoordig, selfs in swaarkry en twyfel. Die storie help ons verstaan dat geloof en vertroue nie altyd in vinnige antwoorde lê nie, maar in ’n verhouding met Jesus!

